# DIE WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

DEEL X. WOENSDAG, 27 APRIL 1955 No. 4


# ONS REGMATIGE POSISIE

## "Beywer u daarvoor in die Ekonomie"—*Aldus Anton Rupert*

Die onlangse A.S.B.-kongres wat in Pretoria gehou is, was seker een van die vrugbaarste kongresse wat hierdie Bond nog ooit gehou het. Met die tema van „Die Afrikaner en die Ekonomie," het daar baie interessante feite aan die die lig gekom waarmee die gewone student maar selde in anraking kom. Die besprekings van die referate en lesings het getoon dat die probleem werklik aktueel geword het en dat dit nou die regte tyd was om hierdie tema vir die A.S.B.-kongres te kies. Werklik min besluite is oor hierdie aktuele saak geneem, maar saam met mnr. A. Rupert, besturende direkteur van Rembrandt, het die kongres gevoel dat eerder as om 'n aantal besluite te neem wat per slot van rekening tog maar min sal baat, dit beter sal wees om die groot gedagte van die kongres, naamlik die beywering om aan die Afrikaner sy regmatige plek in die ekonomie van ons land te gee, aan die verskillende takke van die A.S.B. uit te dra.


### EKONOMIESE AGTERSTAND

Verskillende lesings is voor die kongres gehou wat almal betrekking het op die Afrikaner en die ekonomie in ons land, sy strewe om 'n regmatige plek te verower en die posisie wat hy vandag inneem. Aangesien al hierdie lesings deur gesaghebbendes gelewer is, kan die feite ook as gesaghebbend aanvaar word. So het dr. N. Diederichs byvoorbeeld in sy openingsrede aangetoon watter agterstand die Afrikaner nog in ons ekonomiese lewe het. Interessante feite soos byvoorbeeld dat die Afrikaner maar slegs 40 persent van die nasionale inkomste ontvang terwyl die Afrikaner 60 persent van die bevolking inneem, het hier aan die lig gekom.

Ander toesprake wat oor hierdie onderwerp gehou is, is die deur mnr. Anton Rupert oor die georganiseerde strewe van die Afrikaner om 'n regmatige deel in die landsekonomie te verwerf en die taak van die studente in hierdie strewe, en dié van dr. A. J. Visser oor die ekonomiese geskiedenis van die Afrikaner en sy huidige posisie ten opsigte van arbeid, kapitaal en ondernemende leierskap. Verder is daar lesings gehou deur dr. P. J. Meyer oor akademiese segregasie en deur dr. P. J. du Plessis oor Leierskapskursusse.

Die beskrywingspunte en ander besprekings van die kongres het ook besonder vrugbaar verloop. Onder meer is daar 'n meer definitiewe beleid ten opsigte van ons houding teenoor die Naturel neergelê.

Die P.U.-afvaardiging het by kontensieuse beginselsake weer 'n duidelike stem laat hoor. Al is dit so dat dit goed gaan met die A.S.B. en dat sy getalle nou al die van NUSAS oortref, is daar nog dinge in die A.S.B. wat nie heeltemal reg is (o.i.) nie en dit is hier waar die P.U.-afvaardiging veral sy stem laat hoor het.



**Mej. Mercia du Toit,** wat 'n goue medalje op die onlangse A.S.B.-kongres te Pretoria, vir 'n dramatiese monoloog verower het.

## NUWE A.S.B.-HOOFBESTUUR

**Op die onlangs-gehoue A.S.B.-kongres, is die nuwe Hoofbestuur vir 1955-1956 soos volg saamgestel:**

**President: J. Laubscher (U.S.);**

**Vise-President: J. D. van der Vyver (P.U.);**

**Direkteur van Studie en navorsing: R. Botha (U.P.-Binnemuurs);**

**Direkteur van Toere: J. Vosloo (U.S.);**

**Direkteur van Buitelandse Betrekkinge: J. Pienaar (U.P.-Buitemuurs);**

**Direkteur van Kulturele Aangeleenthede: R. van Rensburg (P.N.K.);**

**Direkteur van Landsdiens: B. Swart (U.P.-Binnemuurs).**

**Die pos van Landsdiens is die nuwe pos wat geskep is om landsdiens in die algemeen te behartig en die direkteur sal ook in samewerking met die org. sekr./pgm. die plaas bestuur wat onlangs aan die A.S.B. geskenk is. Die opening vir 'n nuwe pos het ontstaan nadat die pos van Publikasies aan die sekr./pgm. oorhandig is, wat nou ook as gevolmagtigde persattaché van die Hoofbestuur optree. Hy sorg vir all publikasies i.v.m. die A.S.B. en tree ook op as Hoofredakteur van die amptelike blad van die A.S.B. nl. „Werda".**

## Christoffel Lessing More-Aand Voor Korps

**More-aand vind die tweede programvergadering van Korps Veritas Vincet plaas waartydens mnr. Christoffel Lessing, tans van die K.L.M., Johannesburg, 'n lesing oor die onderwerp „Godsdiens as Bestrydingsmiddel teen gedragsafwyking" sal lewer.**

Mnr. Lessing is by ons geen onbekende nie en het veral vir hom naam gemaak met verskeie publikasies wat hy alreeds die lig laat sien het o.a. „Ek, Ellendige Mens," „Gooi My vir die Aasvoëls", „Een Goue Uur" (saam met sy eggenote geskryf), „Met 'n Dankbare Liefdesgroet" en talle ander.

Mnr. Lessing sal vergesel wees van sy eggenote, mev. Corrie Lessing.

Aan die verlange om te weet kom geen einde nie.

* * *

Wie geen smart ken, ken geen hoop nie; die geloof glo, die bid.

„Maar verwaarts ons het lot te morgen.

* * *

Ver in de wereld, dringt en drijft:
Al wat aan liefde is geborgen in 's
Harten schatvertrek: dat blijft!"

## *BAIE GELUK, PUKKE*

**Die redaksie van die „Wapad" wil die volgende persone geluk wens met pryse wat hulle op die onlangse A.S.B.-kongres verower het:**

**Mej. Mercia du Toit, goue medalje in die afdeling dramatiese monoloog, Mnr. Peet Malan, goue medalje in prosa-voordrag en 'n brons medalje in poësie voordrag, Mnr. T. van der Walt, 'n derde prys van £10 in die redenaarskompetisie; en die volkspele-groep wat vir die tweede agtereenvolgende jaar die volkspele-beker verower het.**

**DIE BULT FIETS- en SKOENREPARASIE-WINKEL**

LANGS WELKOM-KAFEE.

Besoek ons vir betroubare werk en spoed!

FIETSE, SKOENE en FIETSONDERDELE.

**J. TOD SUTTIE.**

Komplete

**Mansuitrusters**

Vir al u KLERASIE en ander benodigdhede.

Kerkstraat 127 — Telefoon 1,

POTCHEFSTROOM

Vir . . . .

VIS, ERTAPPELS,

VERVERSINGS, ens. . . .

**WELKOM KAFEE.**

Von Wiellighstraat 13,

POTCHEFSTROOM.


**Dis u kafee, Studente!**




**Eerste in die wêreld**

As u 'n sensitiewe roker is, sal u Rembrandt van Ryn Filter de Luxe —die wêreld se eerste lang sigaret met filtermondstuk — geniet. Dit bied nog groter genot — die room van die Tabakoes *plus* die „Golden Throat"-filter met dun lagies watte tussen kreukelpapier. Dit gee koel, verspreide rook — geen teken van tongbrand nie.

Prys in Suid-Afrika: 1/9 vir 20
Ook in standaard grootte:
Rembrandt Filter de Luxe teen
1/5 vir 20, 3/6 vir 50




Rembrandt

VAN RIJN

FILTER DE LUXE

met die „GOLDEN THROAT"-filter

Spiereg VRFA6

## WENNER VAN ONS PRYSVRAAG Nr. 3

Mnr. P. Brand, Postmahuis, is weer eens die wenner van ons prysvraag No. 3 en 'n tjek ten bedrae van 10/6 sal eersdaags aan hom gestuur word.

Die korrekte antwoorde op die prysvraag, is as volg:

1. Amerigo Vespucia; 2. Jean Sibelius; 3. Adolf Hitler; 4. Tito; 5. Grondleer van die U.S.S.R. en eerste staatshoof daarvan; 6. Van die eerste letters van „to insure promptness"; 7. Die piramide van Cheops; 8. Nautilus; 9. Frans, Italiaans, Duits 10. Wedrenmotors.

Graag wil die redaksie dit egter hier noem dat daar onlangs besluit is om nie meer in die vervolg hierdie prysvrae uit te skryf nie as gevolg van die minimum inskrywings wat op elke prysvraag ontvang word.

Ons Huis 25,
P.U. vir C.H.O.

## Persoonlik

Die volgende studente verleen vanjaar hulp in die volgende Departemente: Theo van der Merwe in die Dept. Wysbegeerte, Tjaart van der Walt in die Dept. Grieks, Ben Strydom en Nico Laubscher in die Dept. Toegepaste Wiskunde, Frans Lion-Cachet in die Dept. Semitiese Tale.

* * *

Mnr. Jean Louis Cattaneo is benoem as Senior Lektor in Frans vanaf 1 Januarie 1956. Hy het nog nie die benoeming aanvaar nie.

* * *

Mnr. W. J. van der Walt is benoem as Opsigter van Terrein en Geboue in die plek van mnr. G. van der Walt (Oom Gert) wat op 31 Maart uit diens getree het.

**KOM SIEN ONS—**

vir al u

- **Fotografiese**

en

- **Aptekersbenodigdhede.**

**GEEN & VELLEMAN**

Kerkstraat,

POTCHEFSTROOM.

**NOORDBRUG Kontantwinkel**

(Eienaar: A. G. Botha).

LANGS N.B.-POSKANTOOR

Vir Kruideniersware, Skryfbehoeftes lekkers, sigarette en Toiletware.

# Die Wapad

WOENSDAG 27 APRIL 1955.

Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.



## REDAKSIE

| | |
|---|---|
| HOOFREDAKTEUR | M. J. Strydom. |
| ASSISTENT-HOOFREDAKTEURS | E. J. Smit. |
| | A. J. Coetzee. |
| NUUSREDAKTEURS | Mej. S. J. E. M. van Schouwenburg, |
| | Mej. M. M. Malan, |
| | J. T. C. Snyman. |
| KUNSREDAKTEURS | Mej. J. M. T. van der Merwe. |
| | C. D. Roode. |
| SPORTREDAKTEURS | Mej. L. Grobbelaar. |
| | G. N. van den Bergh. |
| VARIAREDAKTEURS | Mej. L. du Plessis. |
| | S. P. B. Buys. |
| | W. van der Ahee. |
| SPOTPRENTTEKENAAR | J. M. Smith. |
| FOTOGRAAF | P. Thiel. |

## ADMINISTRASIE

VOORSITTER ..... A. S. Hechter.

LEDE .....

Mej. B. Smit, Mej. M. Stoker, Mej. L. Coetzee, H. Harmse, J. L. Steyn, H. van der Walt, J. M. Bothma, H. van der Westhuizen, J. C. Coetzee, H. J. S. Swanepoel.


# A.S.B. Waarheen?

Ons wil voorspel dat die vraag: „Het Potchefstroom nog plek binne die A.S.B.?" steeds dringender in die toekoms gaan word. Die afgelope A.S.B.-kongres was in menige opsig 'n triomf vir die eenheidskrag van die Afrikaanse student. Vir die eerste keer was alle Afrikaanse Universiteite en Kolleges verteenwoordig. Organisatories en finansieel bloei die A.S.B. inderdaad. MAAR?

Wat lesings uit die monde van bekwame persone betref, was dit seker een van die mees inspirerende kongresse sedert 1948. MAAR?

As ons die woord „maar" gebruik dan is dit allermins ons doel om (in die woorde van die president) te kom met „sieklike kritiek op A.S.B.". Nee, dit is alleen omdat daar juis op hierdie kongres vir Potchefstroom 'n groot vraagteken agter sy posisie gedruk is.

Die A.S.B. het hom nog steeds uitgegee as die organisasie wat hand aan hand met die Afrikanervolk gaan in sy stryd en ideale. IS DIT NOG SO?

Die tradisionele lewens- en wêreldbeskouing van die Afrikaner, wat nog steeds uniek en lewenskragtig was, was gebou op die fondamente van Johannes Calvyn wat uit die duisternis van die middeleeue en Rome getree het met die lig van Gods Woord wat elke lewensterrein in Sy diens verlig het. Ook op hierdie fondament het die A.S.B. sy grondslag gelê: Christelik-Nasionaal! Dit was 'n positiewe bewys dat die hart van ons volk ook in 'n verenigde studentegemeenskap as polsslag gevoel moes word. Agter die vraag of die A.S.B. hieraan getrou is staan 'n groot vraagteken. Is die wind van liberalisme en verwaterde „Christelike"-beginsels nie besig om die boot van die A.S.B. van sy koers af weg te dring en wat van die dag as hierdie wind stormsterkte bereik en teen alle stuurlui in self die koers van die boot gaan rig? Wees verseker dat daar op so 'n boot GEEN plek vir Potchefstroom sal wees nie.

Steeds gaan daar 'n beroep uit dat Christelik-Nasionaal so ruim moontlik verstaan moet word, waarlik so ruim dat dit somtyds op die afgelope kongres gelyk het asof Satan 'n eervolle plek daarbinne verdien. Daar is stemme gehoor wat per konsekwensie deurgevoer kan word tot op die skreiende vlak waar Satan slegs beskou kan word as 'n interpretasie van Christus! As daar luidkeels verklaar kan word dat 'n staatslotery nie bots met my Christelike beginsels nie, bevestig dit dan nie die vorige sin nie? As danse, georganiseer deur plaaslike A.S.B.-takke, en daarmee geskied onder die Christelik-Nasionale vaandel van A.S.B., 'n moontlikheid is, dan is 'n A.S.B.-geaffilieerde S.R. op die P.U. vir C.H.O. 'n onmoontlikheid! Die vraagteken wat ons agter die A.S.B. plaas is inderdaad 'n gevaarteken.

**Mag dit geen ongelouterde optimisme wees as ons beweer dat die koers van die A.S.B. op die verantwoordelikheid van die toekomstige leiers van ons plaaslike studentegemeenskap rus nie. U het die „liberalisme-wind" teen u. As dit stormsterkte bereik, hou dan vas aan die stuur, met u oë gevestig op die kompas: Die woord van God. Dan sal 'n storm u alleen met 'n ompad dryf na die einddoel: Alles tot Sy Eer!**

L. S. v.d. VYVER.

# Oordenking

## Lewe . . . Omdat Christus lewe

**Johannes 14:19: „Nog 'n klein tydjie, en die wêreld sien My nie meer nie, maar julle sien My, omdat Ek lewe en julle sal lewe."**

Dit is die laaste ure voor Jesus se gevangenisskap en dood. Judas het reeds uitgegaan om Hom te verraai — dis is nag.

Alhoewel die dissipels nog nie alles begryp nie, dring 'n onverstaanbare bange onrus tog in hulle harte in: Daar is doodsverwagting — Jesus moet sterf!

**En tog: Juis nou kom die woorde soos 'n triomfkreet — „Die wêreld s'en My binnekort nie meer nie, maar julle sien My, omdat Ek lewe en julle sal lewe!"**

Die ongelowige wêreld sien Christus net tot aan die kruis. Verder gladnie meer nie.

Na Christus se opstanding, en selfs na Sy hemelvaart, sal die gelowiges Hom altyd sien in die geloof, en waarlik lewe!

Hierdie lewe moet gedurig groei en toeneem. Dit is 'n gedurige oefening in die bepeinsing van God se Woord. Dit moet gesien word in ons spel en in ons werk.

In ons studentelewe, in ons probleme, maar ook in ons vreugde moet Christus leef. Dan eers sal ons probleme ware oplossing vind — ons vreugde ware vreugde wees!

Ook sal daar tye kom wanneer die goddelose sal soek om Christus te sien, maar die wêreld sien Hom nie meer nie. Dan is die tyd van welbehae verby!

Soek dus die Here, terwyl Hy te vinde is, en LEWE omdat Christus leef!

A. J. R. VERMEULEN.

## Raad Ondersteun Vertoë

Die Raad het besluit om die vertoë te ondersteun wat deur die verskillende kerke, Onderwyskollege en die padveiligheidsorganisasie tot die Stadsraad gerig word, om voetpaadjies uit te lê en fietspaadjies aan te bou veral in Meyer- en Presidentstraat ter beveiliging van studente wat tans van die strate gebruik maak. Die Raad ondersteun ook die vertoë tot die spoorwegowerheid om die spoorwegoorgang by Cachet-stasie te beveilig.

## MERIETE-BEURSE

Die Raad het die skema waarvolgens meriete-beurse aan matrikulasie toegeken word, grondig hersien. Onderstaande skema sal as proefneming vir twee jaar vanaf begin 1956 geld as basis waarop merietebeurse aan matrikulante toegeken word. Dit geld alleen vir leerlinge wat in die eerste klas geslaag **het:**

Matrikulante wat 6 of 7 onderskeidings behaal: £60.

Matrikulant wat 5 onderskeidings behaal £50.

Matrikulant wat 4 onderskeidings behaal: £40.

Matrikulant wat 3 onderskeidings behaal: £30.

Matrikulant wat 2 onderskeidings behaal: £20.

Matrikulant wat 1 onderskeiding behaal £15.

Matrikulant wat geen onderskeiding behaal: £10.

Geen onderskeid sal gemaak word tussen dagstudente en kosgangers nie.

Studente wat aan die einde van hulle eerste jaar 'n gemiddelde van 63 persent behaal, ontvang vir hulle tweede studiejaar die beurs wat hulle verwerf het op grond van die matrikulasie-eksamenuitslag, en as hy/sy aan die einde van die tweede studiejaar 66 persent gemiddeld behaal, verwerf hy/sy ook dieselfde beurs as wat verwerf is met die matrikulasie-eksamen.

## DATUMS WAAROP „WAPAD" SAL VERSKYN

Deur die loop van hierdie jaar sal die „Wapad" op die volgende datums sy verskyning maak:

20 Mei (Intervarsity-uitgawe); 21 Mei (spesiale uitgawe van die „Wapad" om 9-uur die aand waarin volledige verslag aangaande die Intervarsity verstrek sal word); 8 Junie; 29 Junie; 17 Augustus; 31 Augustus; en die laaste uitgawe van die jaar direk na afloop van die Studenteraadsverkiesings.

# ’n TIPOLOGIESE OPSOMMING VAN DIE STUDENTEGEMEENSKAP

## ’n Studie van die vernaamste Studente-Tipes

**Onderhewig aan die algemene neiging van die huidige eeu, word die terrein van die Tipologie deur moderne Empiries-Opvoedkundiges sowel as deur Sielkundiges ontgin en ondersoek. In kort kan die Tipologie gedefinieër word as die wetenskap wat daarna streef om alle mense in sekere klasse of tipes in te deel. Die studentegemeenskap van die P.U. vir C.H.O. was dan ook besonder bevoorreg om onder die soeklig van so ’n wêreldberoemde Tipoloog te val. Om verskeie redes (waarvan Beskeidenheid nie die onbelangrikste is nie), moet die naam van hierdie wetenskaplike verswyg word. “Die Wapad” is egter die eerste blad wat die besondere eer het om ’n kort maar volledige oorsig van sy bevindings te publiseer.**

Vyf groot Tipes van die studentegemeenskap kan onderskei word gedurende die Karakteropenbarende Praktyk van Sing-Songs. Hulle is die **Fanatieke,** die **Pligsgetroues,** die **Agterbankers,** die **Amoreuses** en laastens die **Superieures.**

### 1. DIE FANATIEKES:

Hulle word gekenmerk deur ’n eienskap van algehele oorgawe en ongerepte entoesiasme. By hulle bestaan daar nooit eers die gedagte om aandagafleiers soos breiwerk of sleepsels saam te bring nie. As hulle sleep, is dit bloot net ’n resultaat van hulle ongekende vuur wat kulmineer in onge-ewenaarde ywer. Hulle hang aan die dirigent se lippe, volg elke beweging van sy stokkie met aandag en reageer korrek op elke aksie van sy ekspressiewe hande. Hulle val gereeld op die eerste nooit in en kan gladnie begryp hoe dit moontlik is dat daar kreature is wat nou nog nie die woorde van „Gaudeamus Igitur" ken nie. Vir hulle is Woensdagaand die hoogtepunt van die week se vooruitsigte.

**PLEK IN DIE SAAL:** Gewoonlik heel voor, of as hulle bietjie skamerig is, net agter die heel voorstes.

**FREKWENSIE:** Negentig persent van die eerstejaars val onder hierdie klas, en ’n baie groot persentasie van die tweede jaars, hoewel by hulle die addisionele motief van die vertoon van hulle P.U. kleurbaadjie ook sterk aanwesig is. Onder die ander jare is daar tog ook heelwat van hierdie Tipe.

### 2. DIE PLIGSGETROUES:

Hierdie klas het ’n stadium bereik waarop alle entoesiasme vir sang reeds verdwyn het, dog hulle nog nie sover kon kom om hulle Alma Mater algeheel in die steek te laat nie. Hulle motief vir die bywoning van Sing-Songs is geweldig gekompliseerd, dog oorwegend is die begeerte om nie ’n „swak gees" te openbaar nie, m.a.w. om deur die ander studente gesien te word. Vroulike lede van hierdie klas bring gewoonlik breiwerk saam, of as hulle dit nie waag nie, sit hulle heeltyd en wens dat hulle dit wel gedoen het. Manlike lede rook pyp of sigaret. **Hierdie tipe weet nooit watter liedjie gesing word voordat die res van die studente die eerste twee reeltjies klaar gesing het nie.** As omstandighede gunstig is, en dit ’n ou bekende soos miskien Ingram of Pompie is, sal hulle dan miskien inval. Ander sal voortgaan om in stilte die geklike voortvarendheid van hulle makkers te kontempleer.

**PLEK IN DIE SAAL:** Die eerste leë een van agter af.

**FREKWENSIE:** Hoe hoër die jare gaan, hoe groter word die frekwensie. Hierdie klas bestaan oorwegend uit mans, die dames is nie so gesteld op die skyn nie, en bly liewer tuis.

### 3. DIE AGTERBANKERS:

Oppervlakkig beskou kan hulle maklik met die Fanatieke verwar word. Daar is egter ’n baie groot verskil. Hulle sal ook onder geen omstandighede van Sing-Songs af wil wegbly nie, maar nie omdat hulle entoesiasme hulle dryf nie, nee, omdat hulle inhibisies en frustrasies hulle dryf. ’n Diepgrondige en uitgebreide studie kan van hierdie klas gemaak word, maar daar sal met slegs enkele opmerkings volstaan word. Gewoonlik bestaan hierdie klas uit mense wat een of ander tyd ontnugter is. Hulle is sonder uitsondering altyd mans, maar nie omdat daar nie dieselfde behoefte by dames is nie, a l l e e n omdat die n o r m e van die gemeenskap die dames weerhou van hierdie praktyk. Heel dikwels is hier mans wat hulle meisies moes afstaan aan sterker mededingers, mans wat nog nooit daarin kon slaag om meisies te kry nie, en mans wat te skaam is om te probeer. Hulle kan maklik uitgeken word omdat hulle of te stadig, of te vinnig (nie uit onkunde nie maar uit keuse) of geheel en al ’n ander liedjie sing. Periodiek val hulle ook sommer op ’n gegewe moment in met: „Waar's die mieliepap?"

**PLEK IN DIE SAAL:** So ver agter as moontlik.

**FREKWENSIE:** Veral tweedejaars, maar ook ongekysdes uit ander jare.

### 4. DIE AMOREUSES:

Hulle kom baie selde in die s t u d e n t e s a a l voor, want hulle is allergies vir getalle hoër as twee. Die wat dit tog waag om te kom, kom altyd as pare van twee van die teenoorgestelde geslag. Hulle oë is wel op die dirigent gerig, en hulle sing wel saam, maar hulle aandag is nie na voor ingestel nie, maar wel na links of regs, afhangende van waar die ander lid van die paar sit. In die heel vroeë stadium sal hulle geen reaksie toon as die woorde „soen haar in die donker" gesing word nie, **op ’n later stadium sal die meisie bloos, en in die finale stadium sal hulle onbewus van die res van die gemeenskap, veelbetekenend in mekaar se oë staar.** Party wat ook reeds hierdie stadium verby is, sal ’n donker hoekie agter in die saal soek en heeltyd in mekaar se oë staar, ongeag van die liedjie wat gesing word.

**PLEK IN DIE SAAL:** Enige afgesonderde plek waar twee stoele langs mekaar oop is.

**FREKWENSIE:** Oral waar Cupido se pyltjies kan bykom.

### 5. DIE SUPERIEURES:

Hulle is die mees gesiene klas in die studentelewe, in hulle eie opinie altans. Hulle kom gewoonlik alleen of in groepies kleiner as vyf die saal binne, stap tot byna heel voor, en groet alle bekendes met ’n toegewende hoofknik. Die ander vier Tipes word deur hulle aanskou en bejeën met vriendelike verhewenheid hulle het lank reeds daardie stadiums deurgegaan. Die manewales van die dirigent word op goedige maar superieure wyse deur hulle bespreek. Hulle sing nie altyd saam nie, maar alleen as hulle so voel. Hulle is beslis non-slepers, en is byna altyd S.R.-lede, voormalige S.R.-lede, toekomstige S.R.-lede, of goeie vriende van S.R.-lede.

**PLEK IN DIE SAAL:** ’n Sleutelposisie.

**FREKWENSIE:** Eers van vierdejaar af en hoër.

---

Die hoop moet wel ons leed versag, maar neem nie definitief alle leed weg nie, daarom kan die hoop nie ewig wees nie, anders sou ook die leed ewig wees.

**QUEEN'S HOTEL**

**. . . . . vir al u dinees!**

**Kerkstraat,**

**POTCHEFSTROOM.**

**Pukke, daar is geen beter plek wat betref diens!**

---

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**

**INGEVOERDE en KOLONIALE**

- **Wynsoorte**

en

- **Spiritualieë**

---

**J. P. van der WALT APTEEK**

**Kerkstraat 111 — Potchefstroom.**

**„ONDERSTEUN 'N OUD-P.U.-KANER!"**

**Ek voorsien ALLES wat van 'n APTEEK verlang word.**

---

**PRO REGE-PERS Boekhandel**

en

**Antikwariaat.**

**vir al u**

**Wetenskaplike Boeke en Skryfbehoeftes.**

**Kerkstraat 59 — Telefoon 1164**

---

**W. J. GROBBELAAR**

**MANS en DAMES-HAARKAPPER.**

**Kerkstraat 97 — Telefoon 330.**

---

**S.A.N.L.A.M.**

Word verteenwoordig deur

**MNR. VENTER,**

**Noordbrugweg 3 — Telefoon 1247,**

**POTCHEFSTROOM**

**Vir al u Assuransiepolisse en Versekerings.**

# Van Studenteraadswee

En noudat die vakansie weer verbygegaan het lê daar voor die deur 'n kwartaal van baie dinge. Aan almal wat leef en beef in ons studentegeledere wil die S.R. langs hierdie weg 'n baie hartlike welkom toeroep. Dit is 'n groot woord as ons sê „welkom", want as daar op die laaste massavergadering van die eerste semester verslag gedoen gaan word van die werksaamhede van dit wat met die tweede rondte van die „myl" ten einde loop, dan lê daar agter ons 'n Vreugdedag, 'n intervarsity, ellelange ligawedstryde, selfs baie toere (om dan maar van die baie toetse en worstelinge in die binnekamer nie eers te praat nie.) Maar die S.R. rig sy woord tot u met bewustheid van die koers waarheen hy wil en u mag volg.

## „HARTELIK GELUK"

Weer eens is dit die baie aangename taak van die S.R. om langs hierdie weg met trots in gedagtenis te roep die prestasie van die dames en here wat hulle op soveel terreine van die studentelewe onderskei het. Ons bedoel hier Johan van der Vyver wat gekies is tot onder-president van die A.S.B., Peet Malan wat op dieselfde kongres 'n goue medalje asook 'n tweede prys vir sy prosa ontvang het, Tjaart van der Walt wat 'n derde plek verower het in die redenaarskompetisie, Mercia du Toit met haar skitterende prestasie in die dramatiese monoloog en laaste maar nie die minste nie die P.U.-volkspelelaer wat die ander universiteite net weer daarvan gaan oortuig het dat niemand soos die Pukke volkspele kan doen nie deur weg te gaan van Pretoria af met die trofee vir die tweede agtereenvolgende jaar. Mnr. Hennie Coetzee word hiermee baie gelukgewens.

Maar ook op sportterrein het die Pukke hulle met die ingang van die tweede kwartaal betoon as synde aan die spits van baie Sportgeesdriftiges. Dink maar aan Theos wat soos leeus geveg het om Klerksdorp huistoe te stuur met 22 punte teen hulle. Hulle het maar 9 kon bymekaarskraap. So het al die voetbalspanne gedoen en O.19A en die Tekkies by uitnemendheid deur tellings soos 40—6 en 45—0 aan te teken. Baie geluk! Ons sien saam met u uit na die komende wedstryde. Die manshokkie draf toe weer 'n slag oor Western Reefs nadat hulle die bal vir die elfde keer in die gat hoor klop het! Die teenstanders het niks gekry nie. Die tweedespan was ook glo goed op pad toe die reent hulle gekeer het. Twee doele was hulle toe al voor. Die dames het hulle naam in ere gehou toe die hokkiespan van Strathvaal met 2—0 gewen het, om die korfbal nie te vergeet nie as dit blyk dat hulle nie skaam was om Klerksdorp 34—17 te wen nie. Met hierdie uitsonderlike verslag wil die S.R. maar net 'n slaggie spog met wat die Pukke die dag kan doen as hulle kom ernstig raak. Moenie moeg word nie, dis maar die voorsmaak wat so lyk!

## VREUGDEDAG

7 Mei bly in die gedagtes van ons almal die groot dag van harde werk en ons hoop om die vrugte daarvan te pluk. Ja, dit is Vreugdedag, Dalrymple, proefwedstryde vir die Noordelike Universiteitspanne, Stoe toernooi aan die Rand en nog die gewone van die dag. Die S.R. is dan ook op hierdie stadium bewus van die verdeling van u aandag op die datum, maar wil nou al, by wyse van overture, u almal opwek om waar enigsins moontlik u allerbeste te doen by elke geleentheid. Vir die wat weggaan wens ons die beste en van die wat bly vra ons opregte steun. Ons moet net alles goed doen!

## P. W. BUYS-WISSELTROFEE

Op die jongste vergadering het die S.R. besluit om die trofee toe te ken aan die Kulturele liggaam wat hom die meeste diensbaar maak in die uitbreiding van die kulturele lewe van ons studente-organisasie. Dit was hoog tyd dat daar ook op hierdie terrein erkenning kom vir die bates wat ons in so baie geagte dames en here besit. Reglemente word vir die doel versorg. U sal ook daarvan nog ten volle kennis kan neem ter gelegenertyd.

## VERHOUDING TOT AKADEMIESE VERENIGINGE

Die S.R. gee aan die betrokkenes langs hierdie weg kennis van sy besluit. Aan die begin van elke jaar sal die S.R. die datums vasstel van al sy onderliggame en dit publiseer. Die akademiese verenigings sal dan met inagneming van die datums, onderlingskakelend hulle eie vasstel. By enige wysiging wat daar mag intree in die program van die S.R. sal hy terdeë rekening hou met die ontvange datumreeks van die akademiese verenigings. Ons hoop om hiermee die regmatige steun te verleen waarop die betrokkenes met reg hoop.

Hieronder volg nou 'n opgawe van al die datums wat tot dusver deur die S.R. vir sy eie liggame vasgestel is:

**KORPS V.V.:** 17 Maart, 28 April, 16 Junie, 25 Augustus.

**A.S.B.:** 24 Maart, 21 April, 26 Mei, 18 Augustus.

**VOLKSPELE:** 5 Maart, 26 Maart, 16 April, 30 April, 14 Mei, 11 Junie, 25 Junie, 13 Agustus, 10 Septemger, 24 September, 15 Oktober, 29 Okt.

**DEBAT:** 15 Maart, 29 April, 20 Mei, 12 of 19 Augustus.

Dit sal miskien goed wees om hierby te vermeld dat datums van S.R.-, lede- of massavergaderings natuurlikerwys nie vooruitbeplanbaar is nie, behalwe dat die ledevergaderings gewoonlik vanjaar op Dinsdagaande gehou word. Die betrokke verenigings moet dus maar in gedurige kontak met die S.R. bly om botsings op hierdie wyse te probeer voorkom.

## UITBREIDING OP DIE TOTIUS-GEDENKSAAL

Vir die S.R. is dit 'n baie groot genoë om aan u bekend te maak dat besluit is om te reageer op 'n bedrag wat deur die Raad van ons universiteit op die £ vir £-basis-vir-lening vrygestel is. Dit bring mee dat in die nabye toekoms groot uitbreidng sal kan plaasvind aan die Studentesaal. Onderhewig aan sekere reserwes het die S.R. besluit om in te gan op die moontlikheid van 'n kafeteria, 'n kombuis, 'n argief, 'n stoorplek vir algemene uitrusting asook 'n nuwe S.R.-kantoor en twee komiteekamers om die algemene vergaderprobleme op te los. Dit sal inderdaad mooi pas kos om alles in die beraming in te kry, maar ons doen ons bes.

## S. R. KLEUREKONTRAKTE

'n Kommissie vn die S.R. wat nog voortwerk i.v.m. die bereddering van die Universiteitskleure het op die jongste vergadering kon sien hoedat die raad besluit om sy kontraktuele verbande met Westransvaal-Sportwinkel weer eens te hernu met die voorbehoud dat 'n subkontrak aan VEKA gegee sal word vir die lewering van fabrieksbaadjies, vervaardag na die vereistes van die Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde en aangepas by ons algemene studentenommers. Mnr. Pan Coetzee sal materiaal in voorraad hou vir u om u baadjies te laat maak by wie u verkies. Snyersbaadjies en fabrieksbaadjies vul dus u wye keuse. Mnr. Coetzee lewer dan voorts nog al die beskikbare kleure-uitrusting in oorleg van pryse met die S.R.

## INTERVARSITY

Die S.R. en studente hoop om op 21 Mei 'n aangenme intervarsity met U.O.V.S. te hou en om die bande wat tussen die twee studentegroepe besig is om te groei kennelik te versterk. Nie alleen op die gebied van die A.S.B. kom daar jaarliks nouer kontak nie maar die moontlikheid van 'n organisasiebasis van samewerking is ook nie onmoontlik nie. Ons sien met spanning na die komende kragmeting uit!

Dienswillig die uwe,
Ph. C. SNYMAN,
S.R.-Voorsitter.

**PRESIDENT CAFE**

**FOR:**

- **SWEETS,**
- **GRILLS**

**and**

- **COOLDRINKS.**



## VAN DIE REDAKSIE

27 April 1955.

Geagte Lesers,

Vir die afgelope twee weke is dit al weer geswoeg en gesweet hier op die P.U.-gronde en voel 'n mens asof die kort „breek" wat daar aan die begin van die maand was, niks meer was as om jou te laat verlang na die langer Julie-vakansie nie. Nogtans het die afgelope kortvakansie asook die daaropvolgende twee weke, sommer baie dinge van belang opgelewer.

Op die onlangs-gehoue A.S.B.-kongres is mnr. Johan van der Vyver verkies tot vise-president van die Un'ale hoofbestuur en wil die redaksie hierdie geleentheid te baat neem om hom van harte geluk te wens met sy nuutverkrygde status, en wens ons hom alle sterkte en voorspoed toe. Ook aan al die pryswenners op die A.S.B., ons hartlike gelukwensinge.

Daar is ook op ander gebiede presteer en hier dink ons veral aan ons sportmanne wat voorlede Saterdag bykans skoonskip gemaak het van al hulle teenstanders. Daar het ses voetbalspanne opgetree en geeneen van hulle het neerlae gely nie. Ook ons mans- en dames-hokkiespanne het goed presteer. Aan almal wat verantwoordelik was vir hierdie mooi vertonings van ons spanne, ons gelukwensinge.

In die vorige uitgawe van die „Wapad" is gemeld dat die „Wapad" in die vervolg nie meer op die goeie papier gedruk sal kan word nie en wel as gevolg van die feit dat daar nie genoegsame finansies van die Studenteraad vir hierdie doel verkry kon word nie. Die redaksie het egter met die pers onderhandel en kan ons dan ook hier meld dat die „Wapad" in die vervolg wel op die goeie papier gedruk sal kan word.

Laastens wil ons meld dat daar 'n nuwe rubriek in die „Wapad" ingestel is nl. 'n Skaakrubriek. Ons wil die hoop en vertroue uitspreek dat ook hierdie nuwe instelling u belangstelling sal geniet.

M. J. STRYDOM.

Roepingsbewustheid gee vastheid aan die wil en besieling aan die gees.

* * *

Yster slyp yster, so slyp die persoon van die een mens die ander.

**UNIE BAKKERYE**
Posbus 244 — Foon 167 en 1086.
BROOD, KOEK en PASTEITJIES.
Bakkers en Banketbakkers vir alle geleenthede.
TROUE-, VERJAARDAG- en DOOPKOEKE.
Kerkstraat 38, Potchefstroom.
Spoorwegstraat, Klerksdorp

## „PLAY-READING SOCIETY"

„Die ‚Play-reading Society' het sy eerste vergadering al agter die rug, het die „Wapad" van Mnr. Jurie Venter, sekretaris van die vereniging verneem. Op hierdie vergadering is die bestuur soos volg saamgestel: Prof. Davies (President), Mnr. Pretorius (Voorsitter), Mnr. Nico Snyman (Tesourier en verteenwoordiger van Normaal), en Mejj. S. van Schouwenburg en H. du Toit (addisionele lede).

# Sottie en sy „Spaaider"

Dag oom Soois,

Oom weet toggie waar was ek innie passere holiday nie! Mar foorlat ek enige ding vir oom skrywe wil ek eers hi misverstanr yt die weg yt rol. Ek skrywe nie vir koek of fir biskyt of vir biltong nie. Oom moenie dink lat ek soos hi onger hond lykie. Ek weet lat oom Soois baja jammer fir my is oorlat my hond „Spaaider" die holiday gefrek het aan klem innie klemme en ferdriet oor my, maar oom hoef nie fir my koek te stier hieroorrie biekos waai lat ek alweer tevrede is.

Dis toe ou „Spaaider" weggegaan het lat ek ok mar die pad gevat het van die plaas af. Toe het ek mos besjint te haa k. Dit het niks te doen met hark of haai nie oom dis maar ons stidinte se trynkaartjie wat ons so roep. Een ou laai my toe op mit hi „Hap". Die ding se derms hit ok al onner gesleep. Toe ons sjesj myl gery het het ek gesê hy moet my ferskoon want ek is ok maar bietjie haastig. Toe klim ek yt en ek loop. Mar oom as mens moeg is en nog so baja ferlang na ou „Spaaider" ok dan brand d e son darem kwaai. Ek het sommer op hi klip gan sit en grens oor my oorle hond. Mar ek willie biskyt hê nie, ek wil fir „Spaaider" hê. Hi anner oom wat my opgelaai het het gesê hy sal vir my weer hi hond stier. Ek gaat hom ok „Spaaider" roep.

Mar oom moes gesien hit wat ek gesien het. Het oom al die m llitrie kêmp van ons gesien sos ek hom gesien het? Nouie dag geware ek lat die soldade so baie wemel. Ek en hi paar anner oukies gaat toe sam met hille sam. Dis toe net lat hille gat skiet hit hier bo innie kêmp. Oom Soois moet toggie d nk lat ons afferkaners nog soos innie ou daghe skiet mit sannas en lopers nie. Die klyntjies skiet mos nou mit point toetoes en die grotes skiet mos nou se dage mit pônners en dinge mit baainits aan. Hille is okk e eers skaarsie want hille staat sommer sikke miljoene sikke grotes wat so mooi lyk as mens innie donker naar hille staar. Hille skiet ok nie mit die outydse lopers n e maar mit biskryt en sikke klas snare wat die mense sommer so kap soos hi mouer die loesêring.

Mar oom antou mos nog toe hille daar by die rooikloof van oom Piet vanner Mêrrel die ou wabrig innie lig geblaas het. So was dit hier by ons. Hille wou nie lat ons plaasjapies nadergaat as so tagtag tree nie. H lle sê toe fir ons lat ons nog niks weet fannie lewe nie. Toe knyppie een dooie dooi solding offe ding los en hy blaas mit hi pônner offe ding doer na d e koppe toe. Die mense sê daar was toeka se dage hi hartbeeshys. Ja oom hy skiet mit omtrint hi miljoen pont daainemaait. My maat wat ok mar sos ek op hi plaas geboore en groot gewortit het so gewildig geskrik lat hy fan reg fan foor af in my gaseg ingehol hit want d t was so gou lat ek noggie eers my gaseg kon draai na hi feiliger oort toe n e. My maat het in my gaseg ingehol oorlat hy by syn fertrek fan syn staanplek af syn bêttersbie te feel oor die ooghe getrek het. Hy koos mossie sy bêttersbie op syn staanplek lossie want biekôswaai vandag se mysiekinners kyk mossie naar hi jongel ng sonner hi bêttersbie en hi sysakdoek wat naar oudiekilounie rykie, of weet ek nou niks fannie lewe af nie oom Soois. Mar toe koos my frint nie gesiet hit waar hy gehol hit nie en ek wat ok maar myn staanplek wou los sonner my hoet al het ek net die nooragste kledinge, ons loop toe op foelspied hêdlaaits toe hêdlaa ts inmekaar. Toe ons opstaat was daar nog net hi stikkie fannie hartbeeshysie oor. Dit was die stikkie wat mit gebakte boersteen gebou was. My vrint het tagtag tree van syn staanplek af geholt laat syn joenewirsil joints byna gebrant hit. Of wat is joenefirsel joints oom Soois.

Nee wat, ik wat Sottie is, lyk fir my dissie meer honnert jaar nie dan keer ik trig naar my mieliepap en myn swart koffie. Oom weet ek drink mos maar ammelee swart biekoswaai die gal vertere my mos hier mit die poeriengs fan eegypte. As ik dan die niewe „spaa der" het wat my geblo is dan is die ou plaas daar oppie flaktes mos ok weer anners as nou, of weet ek fannie lewe ok niks oom?

So biekie biskyt en koekies sal darrem wilkom wees oom Oom weet ek beedel mos nooit nie. Die winter gaat ik darem fejaar binne mit hi warrem jersie. Hy ma het geskryf ek moet fir my hi lang bloue koop maar die kortes laaik ik die meeste. My sjelt, ai oom weet ek spaar fir die toekoms se plaastoegaan. Mar ek kan darrem nog iedere sondag fir die dijakins ok sjee.

Baie, baja groetnis ok an tant Fya,

Oom se treerende nefie,

Sottie.




„Kry 'n Kommando!"

**Rook Kwaliteit teen Suid-Afrika se Gewildste Prys**

NET 1/2 VIR 20 FILTER, KURK OF SONDER KURK

Omdat Kommando dag vir dag by die miljoene verkoop, rook u geurvarse* topkwaliteit-tabak teen Suid-Afrika se gewildste prys. Daarom is Kommando ook die sigaret *waarom Suid-Afrika die meeste vra*. Gee Kommando 'n kans—en oordeel self!

** Uit fabrieke in al vier die provinsies, kom Kommando-sigarette kwaliteitvars by die tabakwinkel . . . geurvars en genotvol by u!*

**DIS DIE KWALITEIT WAT KOMMANDO VERKOOP!**

G1/441-2A

**Groenpunt-Kafee**
Von Wiellighstraat,
vir:
Vars, Smaaklike
VRUGTE en GROENTE.

**LOOCK**
**Kleremakers**
Calderbanksgebou,
Kerkstraat 102 — Telefoon 855
POTCHEFSTROOM.

# Xander Haagen Verras

Die bekende tenoor, Xander Haagen, bygestaan deur die pianiste Judith Brent-Wessels was verantwoordelik vir 'n uiters suksesvolle konsert op 15 April in die Totiusgedenksaal. Almal was besonder aangenaam verras deur hierdie jeugdige sanger en telkens was hy lank en entoesiasties deur die toehoorders toegejuig. Hy besit die gawe van 'n aangename verhoogspersoonlikheid en 'n duidelike artikulasie van sy woorde wat mens 'n beter insig in die werke gee.

Mev. Brent-Wessels het 'n aantal van haar eie komposisies voorgedra. Alhoewel sy deurgaans gebruik maak van 'n ou musiekidioom is die komposisies tog musikaal geskryf en nettjies afgewerk. D t het algemeen byval gevind by die gehoor.

**EEUE-OUE KLAG**

Ten slotte is dit maar weer die eeue-oue klag: mens doen die moeite om konserte te reël en daar daag 'n handjievol mense op wat die eerste paar rye vol sit! Die Musiekvereniging het groot planne vir die jaar, maar as d t op hierdie trant voortgaan sal die bestuur verplig wees om helfte van die konserte te kanselleer. Dit is tragies dat daar in 'n dorp soos Potchefstroom wat een van die toonaangewende dorpe op musiekgebied is, so 'n laat-maar-lê-houding moet wees.

Die volgende konsert sal hopelik op die 13de Mei plaasvind as die knap violis, Jack de Wet, h er optree. Hierdie konsert sal 'n maatstaf wees om te bepaal of die vereniging met sy planne sal voortgaan of nie. Hoe lyk dit Pukke, sal ons nie probeer om die konserte meer te propageer en te ondersteun nie?

# John Wright en Geselskap Gaan Potch. Besoek

Daar word binnekort in Potchefstroom, onder beskerming van die N.J.O., 'n baie interessante vertoning gelewer. John Wright en sy geselskap deurreis Suid-Afrika met 'n marionette-spel.

In Europa is kenmerkend van die poppepsel dat die volkskarakter en -gewoonte dikwels daardeur u tgebeeld word. Mnr. Wright, wat in Suid-Afrika gebore is, het dan ook Bantoepoppe uitgesny, om so vir ons o.a. ook 'n tipiese en bekende toneel aan te bied.

Elke pop is sowat twee voet lank, en word deur 'n persoon agter die verhoog d.m.v. draadjies beheer.

In teenstelling met Europa waar marionette dikwels te sien is, is so 'n gesig in Suid-Afrika baie skaars.

## Musiekvereniging Bied Genoeglike Aand

Met die aangename kamermusiek van die „Collegium Musicum"-groep het die Musiekvereniging 'n amptelike begin met die jaar se werksaamhede gemaak. Hierdie konsertjie het veral uitgemunt deurdat dit 'n nuwe insig gegee het in die wese van gebruiksmusiek. Die intieme atmosfeer wat daar geheers het, het veel bygedra tot 'n uiters genoeglike aand. Die aanbieding het bestaan uit solos v r viool, blokfluit, klavier en tjello.

Die volgende aanbieding van hierdie groep sal bestaan uit 'n aantal trios vir klavier, viool en tjello.


**DAVY ROBERTSON ATELJEES**
Vir die mooiste
**PORTRETTE en RAME**

**CORNER FRUIT STORE**
vir al u
- VRUGTE, LEKKERS,
- SIGARETTE,
- KOELDRANKE en
- VERVERSINGS.

**Bekend van weë sy UITSTEKENDE DIENS!!**

**HAROLD'S AUTOMOBILE SERVICE STATION.**
Kerkstraat 166 — Telefoon 1293
Potchefstroom.
Voorradehouers van alle
**Onderdele en bykomstighede vir u Motor, Trekker, ens.**

**I. GLASER—Juwelier**
NUWE ADRES:
vanaf 1 April
h/v. KERKSTR. en AUTOLAAN.



# Brokkies uit die Kunswêreld

## DIE ILIAS IN AFRIKAANS

**On first looking into Chapman's Homer**

Much have I travell'd in the realms of gold,
And many goodly states and kingdoms seen;
Round many western islands have I been
Which bards in fealty to Apollo hold.
Oft of one wide expanse had I been told
That deep-brow'd Homer ruled as his demesne;
Yet did I never breathe its pure serene
Till I heard Chapman speak out loud and bold:
Then felt I like some watcher of the skies
Wen a new planet swims into his ken;
Or like stout Cortez when with eagle eyes
He star'd at the Pacific — and all his men
Look'd at each other with a wild surmise —
Silent, upon a peak in Darien. — Keats.

Vanaf die eerste vertaling van Homeros, nl. van sy **Odusseia** in die ruwe Saturnyse metrum deur Livius Andronicus vir Romeinse skoolgebruik ongeveer 207 v. Chr., met talle pogings deur die eeue in vers en prosa, begroet ons nou, na amper drie du send jaar vandat dit geskryf is, met vreugde die **Ilias** oorgesit in die jongste taal van die wêreld, deur Prof. J. P. J. van Rensburg van Stellenbosch; en nog steeds pak dit ons met sy breë m n. likheid en is ons gewaarwording soos die van Keats, vertolk in bostaande sonnet nadat hy en 'n vriend die hele nag deur die beroemdgeworde versvertaling van Chapman gelees het.

Die deeglikheid van prof. Van Rensburg se werk (Griekse studente sal veral sy letterlikheid waardeer!) en ook skoonheid waar die Homeriese eenvoud gepaard met skoonheid bereik is, is reeds in die pers en oor die radio deur meer bevoegde persone aangeprys. Met enkele punte van kritiek moet ons onsself ook vereenselwig, bv. dat die oningewyde leser die werk beter kon begryp as daar meer verduideliking en ook 'n kort uiteensetting van die verhaal, die bou van die **Ilias** waarin d e hoofmotief duidelik gestel is, gegee is; ook wat betref sekere woord-samestellings en -gebruike. Dan gaan daar natuurlik veel verlore van 'n digter in 'n protesvertaling, soos Highet dit uitdruk: „To read a prose translation of Homer, however skilful, is like hearing a single pianist, however gifted, playing a version of Beethoven's Ninth Symphony".

Maar dit is klein dingetjies in vergelyking met die skat wat hierdie liefdesarbeid vir die Afrikaanse volk ontsluit het. Ons sal hom altyd dankbaar bly, asook die Rembrandt-Tabakkorporasie wat so 'n praguitgawe ook binne bereik van studerende en doserende jeug gestel het!

**A. T. LUKE & KIE.**
**APTEKERS**
Vir al u . . .
- Mediese en skoonheidsbenodigdhede

sowel as
- Radio en Elektriese Benodigdhede,
- Kiekies ontwikkel en afdruk.

**Bus 29, Potchefstroom, Tel. 39**

★
**WES-TRANSVAAL SPORTWINKEL**
**vir alle**
**SPORTUITRUSTING en SPORTBENODIGDHEDE.**
★

**SAAMWERK-WINKEL.**

**Algemene Handelaars**

**—Von Wiellighstraat 13,—**

**ALLE BENODIGDHEDE WORD AANGEBIED.**

**„Kom ondersteun ons, Pukke!"**

**QUEEN'S HOTEL**

**. . . . . . vir al u dinees!**

**Kerkstraat,**

**POTCHEFSTROOM.**

**Pukke, daar is geen beter plek wat betref diens!**

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**

**INGEVOERDE**

**en**

**KOLONIALE**

**• Wynsoorte**

en

**• Spiritualieë**

**J. P. van der WALT APTEEK**

**Kerkstraat 111 — Potchefstroom.**

**„ONDERSTEUN 'N OUD-P.U.-KANER!"**

**Ek voorsien ALLES wat van 'n APTEEK verlang word.**

**PRO REGE-PERS**

**Boekhandel**

en

**Antikwariaat.**

**vir al u**

**Wetenskaplike Boeke**

**en Skryfbehoeftes.**

**Kerkstraat 59 — Telefoon 1164**

## AAN DIE REDAKSIE

Van Riebeeckstr. 167,
Potchefstroom.
2 April 1955.

Geagte mnr. die Hoofredakteur,

Deur my werk het ik in aanraking gekom met u mooie blad: die „Wapad". Deurgaans kan ik daar nie kritiek op lewer nie, om die rede dat ik nie een P.U. Kaner is nie.

Maar in die laaste uitgawe van 30 Maart het ik die artikel gelees van Mnr. Pelser oor sy reis na Europa.

In hierdie artikel is ek besonder getref deur die kritiek wat die geagte skrywer gee oor die ou kultuurlande sonder dat hy ingaan op die goeie dinge wat ongetwyfeld ook in daardie lande te vinde is.

Oor al die lande sal ik nie spreek nie, maar net in 't bijsonder oor Holland. Ek glo ek mag oordeel oor die toestand wat in Holland is, daar ek amper 4 maande terug uitgekom is.

Mnr. Pelser sê onder meer dat die landjie vol tragiese humor is.

Mag ek mnr. Pelser een vraag stel. Het hy, in die korte tyd wat hy in Holland was, wel met die mense wat daar is, gepraat, so byvoorbeeld met die Amsterdammers, wat in Europa bekend staan als die meeste humoristiese mense? Als hy op hierdie vra bevestigend kan antwoord sal ek wel spreek oor hierdie aangeleentheid.

'n Ander kwestie is die van die felle haat teen die Duitser.

Mnr. Pelser, daar is NIE een haat teen die Duitser nie.

Die Hollander sal gou vergewe, maar nie vergeet nie.

Mnr. Pelser het dit miskien gedink omdat vanjaar die tienjarige bevrydingsfees gevier sal word, en wat 'n baie groot fees sal word.

Maar dis nie teen die Duitser nie, maar net teen die oorweldiger, teen die systeem, teen die Nasionale Sosialisme. En die Amerikane, goed hulle was ons bevryder, maar vergeet mnr. Pelser nie dat daar onder die Hollanders self in '40—'45 'n baie groot aktie teen die N-Sosialisme gevoer het nie, waaroor die Duitsers baie geterg is.

'n Land wat deur sy eeue oue stryd teen die water, sy stryd teen Spanje, Engeland, Frankryk, ens., sal so 'n land sy identiteit verloon?

Meneer Pelser, nog een opmerking: Ek als Kasie het nie die reg om in die drie maande wat ik hier is, my oordeel oor die toestande hier te gee nie.

Ek glo daarom dat als u twee weke in Holland gewees het, u nie 'n oordeel (ten minste een regte) oor Holland kan gee nie.

Daar is baie meer argumente om te gee, maar ek sal eindig.

Baie dankie voor die lees van hierdie stukkie, as daar taalfoute is, dan is dit die skuld van my kort verblyf hier.

S. v.d. SPOEL, Jr.

(Hierdie brief is aan mnr. Pelser voorgelê en langsaan verskyn sy antwoord daarop.—H/Red.)

Ons Huis 20,
Potchefstroom.
18 April 1955.

Geagte Mnr. die Hoofredakteur,

In antwoord op die brief van mnr. S. van der Spoel, wat handel oor enkele gedagtes wat ek in „Die Wapad" gelug het, wens ek ook die volgende onder die geagte heer se aandag te bring.

Mnr. S. van der Spoel is reg dat ek in die artikel „Besoek aan ou Kultuurlande" slegs kritiek lewer en die goeie verswyg. Dat ek die goeie en skone van die lande nie noem nie, wil nie sê dat ek die bestaan daarvan ontken nie. Ek kan trouens dae lank uitwei oor al die pragtige dinge wat ek daar gesien en gehoor het.

Dit skyn dus dat Mnr. S. van der Spoel beswaar het teen die gesigspunt waaruit ek in hierdie artikel die lande benader het. Die vorm waarin dié artikel gegiet is, is 'n kritiese weergawe uit een gesigspunt van „die idee en indruk wat die lande op MY gemaak het" (Aanhaling uit die artikel). Hierdie behandelingswyse van reisigers se indrukke is in Nederland welbekend, m.a.w. in die Nederlandse taal bestaan etlike geskrifte of reisbeskrywinge, wat in die vorm behandel is. Miskien is dit gewaagd, soos mnr. v.d. Spoel tereg sê, om na so 'n kort verblyf in die lande uit hierdie gesigspunt oor hulle te skryf, **maar dis ook geen bewys dat dit verkeerd is, wat ek gesê het nie.**

Op sy vraag of ek met die Amsterdamse meesterhumoriste gepraat het, is dit vir my duidelik dat Mnr. S. v.d. Spoel die redes vir my konklusies in die artikel wil weet. (Ek sal graag aan Mnr. v.d. Spoel die redes wil stel indien hy my wil ontmoet). Ek het wel met Amsterdammers gesels, maar met die mensekennis van Mnr. S. v.d. Spoel sal hy met my saamstem dat ter grondslag van die lewens van die grootste humoriste, 'n ewe grote, gewoonlik verborge, lewenstragiek lê, m.a.w. die feit dat daar soveel humoriste is, is 'n bewys dat daar nie soveel lewens met „tragiese humor" moet wees. Dis alleen maar 'n ander bewys vir my stelling.

U skryf: „Maar dis nie teen die Duitser nie, maar teen die oorweldiger, teen die sisteem, teen die Nasionaal Sosialisme" dat die stryd gevoer word en dié haat is. As die Nederlanders volmaakte mense was, dan sou hulle die sisteem kon losmaak van die draer daarvan. Die Afrikaner met sy stryd teen 'n oorweldiger is seker bevoeg om hierdie situasie tot op 'n sekere hoogte reg te interpreteer met inagneming van volks- en karakterverskille. Ook hier kan ek aan Mnr. v.d. Spoel my proefondervindelike bewyse lewer.

Dat Nederland in die verlede in sy stryd nog nie sy identiteit verloon het nie, is geen bewys dat hy dit nie in die toekoms mag doen nie. **In stryd word egter die identiteit versterk, maar deur die aangryping van 'n ander volk as redder kom daar 'n samesmelting. Dit is hierdie samesmelting in vrede as die V.S.A. as die redder van Nederland beskou word, dat Nederland sy identiteit gaan verloor.**

In die artikel het u slegs MY ideë en indrukke gedurende 'n baie kort tydjie opgeneem. **As Mnr. S. v.d. Spoel my kan oortuig dat ek verkeerd is,** dan is ek bereid om aan hom en Nederland verskoning te vra, **indien** ek hulle geweld aangedoen het.

Ek dank u vir plasing,

Dankie,

P. J. PELSER.

## Besembos-Redaksie

**Die Redaksie van die „Besembos" is soos volg saamgestel:**

**HOOFREDAKTEUR: L. S. v.d. Vyver.**

**SUBREDAKTEURS:**

**Teologie — F. J. Labuschagne.**
**Lettere en Kuns — A. P. Brink.**
**Wysbegeerte — P. G. L. v.d. Walt.**
**Regswetenskappe — M. J. Strydom.**
**Natuurwetenskappe — J. J. Henning.**
**Handelswetenskappe — L. J. v.d. M. Swart.**
**Sosiale Wetenskap — Mej. A. du Plessis.**
**Opvoedkunde en Gesk. — Mej. K. Davids.**
**Varia — J. M. Smith.**

## Pryswenner



**Mnr. Peet Malan,** wat op die A.S.B.-kongres 'n goue sowel as 'n bronsmedalje verower het.

**„Waarom sal jy loop as jy kan ry? . . . !!"**

('n Vraag van Frikkie Fietsryer aan Fanie Voetganger)

BESPAAR TYD, KRAGTE en SKOENE deur 'n

**FIETS aan te skaf.**

**C. v.d. MERWE**

**FIETSHANDELAAR**

**Kerkstraat 92, Potchefstroom**

## OPGEPIKTE KORRELS

UIT DIE „WAPAD:"

1. Na wie of wat is Amerika vernoem?
**Na Amor.**
2. Waarvan is die woord „tip" (fooi) afgelei?
**Omgekeerde van „pit(te)".**
3. „Om die koor enigsins gebalanseerd te maak sal daar nog baie dames moet aansluit."
**Of: lanseer die barde!**
4. .... sodat sy spraakorgane getoets kan word.
Bevinding: **Te fyn-besnaard vir stemvurk.**
5. . . . of daar voor 'n voetbalwedstryd gekook word.
**. . . om graseet te voorkom?**
6. **STEL U VOOR . . .**
Thabajäh sonder oujongnooiens; en **Oujongnooiens sonder Thabajäh!**
Lidie Bekker as hardwerkende student.
Of **as hartwerkende.**
Trynie Eksteen met 'n seer tand.
**„Ek steun."**
Andries Wiese: Rektor van 'n universiteit.
**Hoesê?"**
Erasmus Smit: In 'n boksgeveg met Ezzard Cahrles.
**„Mitz Ezz ma' Rus!"**
7. . . . of die „Gaipe" gaan herlewe?
**Dan „ga' " die lewe „pê".**
8. Wat die kragmetings betref.
Overgezet zijnde: **Wat de kragmetings betref."**
9. Wat in haar Springbok-broer en -suster se voetstappe volg.
**Bokspore met bak skeie.**

## UIT DIE DAGBOEK VAN ONS VOORVADERS

**L. S. VAN DER VYVER:**
„Dan na het Westen, dan na't Oosten,
Wie zal de droeve meisje troosten?"

**ARRIE VAN DER WALT:**
„Sijn baardjie selfs vermaakt hem niet."

**WILLIE HAMMAN:**
„Daar zijn zo veel
Schoon, rijk en eel,
Ik krijg ook licht mijn deel."

**BILLY Duvenage:**
Ik maak door mijn verkiezen
Een gasthuis van mijn hart."

**Die Puk grasperke „grow by inches and — die by feet."**

## Nuwe Spelreëls

**OPSTELLERS:**
EERSTEJAARS (TYDENS BROS JURE-EKSAMEN)

Gewetensklousiele; Debad; Alibama: diregent; Labuschachne; Die Pikkie; Gepaart gaan; behoord; leritariese (literariese); kursese.

## EERSTEJAARS-WYSHEID

Korps is noodwendig omdat dit werk in samehanging met die C.H.O. en 'n Universiteit wat onder die belange is van Christelike Nationale geest gheid is noodsaaklik in hierdie wereld van sondes.

Die doel van Korps is om lelike strome in die land te bestry.

Die doel van Korps is om redenaarstalent aan te kweek.

Die A.B.K.K. het te doen met die opvoeding van die brein en nie die liggaam nie.

Die „Pukkie" verskyn op die joël-dag en gee die belange van die persone self.

Die „Pukkie" gee 'n oorsig oor die optogte, die geskiedenis van die P.U. weer.

Daar word gehywer vir 'n derde oorlog.

Die taak van die dirigent is om toere van toneelgeselskape en staptoere te reël.

Die taak van die dirigent is om te sorg vir sierwaens tydens intervasity.

Grondslag van S.R.: Wil alle dinge wat teenstrydig is met die beginsels van die P.U. verwerp en uitwis op die P.U. vir C.H.O.

Die Besembos is Theos se jaarblad.

## NEW PUBLICATIONS

**MARIE DE VILLIERS** — „The Impudence of Youth."
**EERSTEJAARS** — „How Green was my Valley."
**DICK HAUPTFLEISCH** — „One way Home."(?)
**J. L. STEYN** — „Pale-face."
**LEA COETZEE** — „Gone with the Wind."
**HERMAN DU PLESSIS** — „So, now is come our joyfull feast; Let every man be jolly."

## KYSAANBOD

Hi eensame ou brynoogmysietjie in Koeloe mit diselfde ytspraak as Sottie wil graag weet of iemand ni mit haar wil korspondeer mittie oog ophi kysie (nie soetkysie!)

Rigie aanbod aan

MIETJIE, KOELOE, POTS.

## NUWE PUBLIKASIES

PEET DUVENAGE:
Gevestigde Belange.
STOKER SNYMAN:
Maskerade.
BESSIE BADENHORST:
Met Diamante Geboei.
JOHAN V.D. VYVER:
Kringloop van die Winde.

## HITS OF THE WEEK

**MARIE DE VILLIERS:** „Love wherever I roam".
**MAGITA STOKER:** „Dont be cross dear."
**JURIE VENTER:** „Too young to kiss."
**CHRISTI COETZEE:** „It's a great feeling."
**MARIE VISSER:** „Great Expectations."
**PAUL DE BRUYN:** I'll sail my ship alone."
**GERT VAN DEN BERGH:** „Doggie in the Window."
**NITA STEENKAMP:** „Daddy's little Girl."

## STEL U VOOR . . .

**Joan Aucamp:** as pastoriemoeder.
**Jaap Labuschagne:** in die „Foreign Legion."
**Pompie Steyn:** in 'n vliegmasjien.
**Salmon Swanepoel:** as 'n sersant-majoor.
**Dick Putter (Snr):** as 'n prof. in Wysbegeerte.
**Abie Helberg:** met 'n volbaard.
**Peet Steyn:** as verteenwoordiger van die Herero's op die V.V.O.
**Koos van Rooy:** as 'n dolosgooier.
**Spekkie v.d. Walt:** op 'n hongerstaking.
**Tokkelok:** as 'n stiervegter.
**Ouboet du Plessis:** as ski-kampioen.


**WESTVAAL**
**Studente !!!**
**VIR KWALITEIT**
**DROOGSKOONMAAK**
**STUUR NA**
**WESTVAAL**


## OU WYSIES

**GERT VAN DEN BERGH:** „One Alone."
**BIEBIE CHAPMAN:** „Ten thousand miles."
**JOAN ERASMUS:** „Speak to me of love."
**J. ROETS:** „Secret love."
**SAMBREELTJIE:** „Wanted."
**OOS VAN DER MERWE:** „Duits-wes-Wals."
**PIETER BRAND:** „Plattoon-polka."
**SAMPIE PRETORIUS:** „Die Raak-vat Samba."
**NITA STEENKAMP:** „Whispering Hope."
**PIETER VAN DER DUSSEN:** „Just one more chance."
**MAGRITA VAN DER WALT:** „Haar pa wou nie gaan slaap."
**PIET VAN WYK:** „Ich bin nur ein armer Wandlergesel."
**ELMIEN DUVENAGE:** „Een aand op die trein na Pretoria."
**RITA SMIT:** „Heut' ist der schönste Tag in meinem Leben."
**REBEL V.D. MERWE:** „A star falls from heaven."


**DRINK en GENIET . . . . . .**
**S & S**
**Super Dilla**
**en**
**Super Orange**
•
**Sherr & Shakinovsky**
AUTOLAAN,
POTCHEFSTROOM.
Telefoon 16.

Vir bevredigende diens . . . . !
besoek
**DIE LOKALE HAARKAPPERS**
**KING'S HOTEL-GEBOU,**
Kerkstraat 158 — Telefoon 902.
POTCHEFSTROOM.
Eienaar: P. W. Taljaard.

**BLITZ! . . .**
**DROOGSKOONMAKERS.**
•
Stuur u klere na ons . . . ons sal weet wat om daarmee te doen!

**W. J. SPAVINS & SEUN**
vir alle
***Elektriese Benodighede***
KOELKASTE • RADIO'S
Kerkstraat 65 — Potchefstroom

*Beyers Claassens* FOTOGRAWE — Nou ook te Kerkstraat 84 - - Foon 45
Kom Kyk na ons Uitstalling van KAMERAS

# „Stoney" Oor Vreugdedag

Die 7de Mei kom vinnig nader en soos almal alreeds teen dié tyd weet is dit dan Vreugdedag. Die Hoofbestuur is hard besig om alles in gereedheid te bring. Vreugdedag word vanjaar weer nie in Potchefstroom gehou nie, maar in Klerksdorp en Viljoenskroon. Die Hoofbestuur het besluit om 11 vlotte Klerksdorp toe te stuur en 6 Viljoenskroon toe.

Die vlothoofde is almal alreeds aangewys. Die tema van die vlotte is „Hans Christian Anderson". Die bestuur het dit ook so gepas gevind, aangesien ons vanjaar Anderson se 150e geboortejaar herdenk.

**Ons wil van die geleentheid gebruik maak om 'n beroep op alle Pukke te doen om hulle volle gewig in te gooi om van hierdie dag 'n grootse sukses te maak. Sonder u heelhartige medewerking is ons tot min in staat.**

Ons fondse gaan 'n deel aan die Studentesaal-boufonds en 'n deel aan die „Trans-Oranje Skool vir Dowes"

W. F. STEENKAMP,
(Leier, Vreugdedagbestuur).

## SKENKING DEUR L.V.

Dr. Albert Hertzog, L.V., het 'n waardevolle versameling van ongeveer 800 boekdele regswerke aan die Universiteit geskenk. Aan hierdie skenking sal offisieël erkenning verleen word in die vorm van die naam „Hertzog-seminaar vir Regte". Gedurende die tweede semester sal hierdie werke offisieël in ontvangs geneem word tydens 'n spesiale geleentheid.

* * *

Die Raad het besluit om die aankoop van 'n teermasjien waarmee die paaie op die Universiteitsterrein self geteer sal kan word. Die masjien is reeds bestel en daar sal hopelik eersdaags 'n begin gemaak word met die teer van sommige paaie.

* * *

„Als kiemen zijn de mogelijkheden uitgestrooid in het mensengezicht, opdat zij daarin zullen rijpen."

* * *

'n Onbestrede geloof is 'n dooie geloof.


**TURKSTRA BAKKERY**

Raadpleeg ons vir . . .

- BRUIDSKOEKE,
- BROOD

en

- ALLE KOEKSOORTE.

ELKE DAG VARS . . . !

**MOOIRIVIER-APTEEK**

Kerkstraat 155,

POTCHEFSTROOM

Telefoon 380.

**Die Apteek vir Diens!!**

**Studente . . . !!**

Vir al u

- Handboeke,
- Skryfbenodigdhede,
- Leertasse,
- Geskenke, ens.!

BESOEK ONS EN WEES VERSEKER VAN GOEIE DIENS.

**POTCHEFSTROOM BOEKHANDEL**

Kerkstraat 90 — Telefoon 497


# SKAAKRUBRIEK

As ons dink aan skaakspelers soos Alekhine, Botvinnik, Keres, Capablanca en Finc, om maar 'n paar te noem, dan kry mens sommer koue rillings.

Met die wêreldkampioenskaptoernooi in 1948 het Paul Keres teen Dr. Max Euwe, hier by ons glad nie onbekend nie, te staan gekom. Keres het sy spel aangeleer deur elke moontlike spel wat hy kon bekom, na te speel. (En ek is seker daarvan dat hy gekonsentreer het op wat hy doen!)

Trek die skaakstelle nader Pukke, dan kyk ons hoe hierdie twee meesters die spel speel. Ons gebruik die Engelse notasie.

**WIT:** Dr. Euwe. **SWART:** Keres. Die opening is Ruy Lopez. 1. P—K4, P—K4; 2. Kt—KB3, Kt—QB3; 3. B—kt5, P—QB3; 4. B—R4, P—Q3; 5. P—B3, P—B4; 6. P x P, B x P; 7. P—Q4, P—K5; 8. kt—kt5, P—Q4; 9. P—B3 (!) As nou 9. . . . ., P x P; 10. Q x P, kt—R3; 11. 0—0, B—k2; 12. Q—R5, skaak!, B—kt3; 13. Q—K2, Q—Q2; 14. kt—K6, en wit wen die spel! Hy kom egter tevoorskyn met: 9. . . . . ., P—K6; 10. P—KB4, B—Q3; 11. Q—B3, Q—B3 (?), 12 Q x P skaak, kt—K2. Let op hoe K2 beskerm word! 13. B x kt skaak, P x B; 14. 0—0, 0—0; 15. Kt—Q2, kt—kt 3; 16 P—k kt3, QR—K1; 17. Q—B2, B—Q6; 18. R—k1, R x R skaak; 19. Q x R, B x P (!!) 20. P x B, Kt x P; 21. Kt(2)—B3, Kt—K7 skaak; 22. k—kt2, P—R3; 23. Q—Q2, Q—B4; 24. Q—k3, P x kt; 25. B—Q2, sy doel is om 26. R—KB1, maar 25. . . . ., B—K5. Hierby gee Dr. Euwe die stryd gewonne. Nou sal Keres op die set wat Euwe in gedagte gehad het speel: 26. . . . . . , Q—kt5. Dit dien hom die uitklophou toe. Hierdie soort spel is tipies van Keres: genotvol maar tog ingewikkeld.

(Waargeneem deur N. F. Laubscher)

## OOM GERT „RESIGN"

Vanaf die begin van April 1955, is oom Gert van der Walt offisieël nie meer in diens van die Universiteit nie, daar hy die ouderdoms-grens bereik het.

Op 21 April 1942 het oom Gert vir die eerste keer diens aanvaar op die P.U.-gronde. Vir die eerste paar maande het hy dan ook slegs nagdiens gedoen.

Alhoewel oom Gert se gees nog jonk was, het die afgelope twaalf jaar vir hom vinnig verby gesnel en 'n ander moes sy plek inneem.

Oom Gert se boodskap aan ons, is: „Ek het baie kinders gehad by die Universiteit. Sê hulle moet partykeer hier na my huis toe ook sleep!"


**CACHET MODES**

TOMSTRAAT 56A

Dames kom vir al u benodigdhede hierheen

TEL. 1389

OPEN HELFTE APRIL

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS**

MNR. J. S. DU PLESSIS,

U VERTEENWOORDIGER VAN

**REMBRANDT**

Meyerstraat 9 — Telefoon 897

POTCHEFSTROOM.

**W. A. VENTER**

HORLOSIEMAKER • JUWELIER.

KERKSTRAAT 152, POTCHEFSTROOM.

**FAHRIN VERLOOFRINGE**

MAKLIKE TERME . . . . . . . . GEEN DEPOSITO.

Alle soorte Reparasies! Alle werk gewaarborg!

**Ed. L. OOMS,** (N.S.T.O., N.V.V.O. Ned.)

- **OOGKUNDIGE.**
- **Brilspesialiteit.**

U oë getoets op modern-wetenskaplike metode.

Kerkstraat 129 — POTCHEFSTROOM — Telefoon 980

EIE OPTIESE SLYPERY.

Depot: CARLZEIS-JENA.

# Naturel Spreek A.S.B. toe

Daniel Paul Marolen, 'n naturel in diens van die Departement Naturellesake, het met 'n toespraak oor sy siening van die Bantoe-onderwyswet voor die onlangs-gehoue A.S.B.-kongres opgetree. Hy het gesê dat hy die blanke in Suid-Afrika as die voog van die naturel beskou en dat hy baie dankbaar is vir wat die blanke en veral die Afrikaner doen om die naturel op te voed tot 'n volwaardige burger van die land. Die Afrikaner verstaan die Naturel beter as die uitlander omdat hy meer met hom te doen kry, veral op die platteland en omdat hy al langer met die naturel in die land saamwoon. Daarom sien die Naturel ook meer na die Afrikaner op vir leiding. Die gevoel van kwaaivriendskap wat soms skynbaar tussen die Afrikaner en die Naturel aanwesig is, is die gevolg van die kwaadwillige optrede van agitators in die land wat alleen hulle eie saak wil bevorder en nie werklik omsien na die belange van die naturel nie.

Die Hoofbestuur van die A.S.B. het besluit om Marolen voor die kongres te laat optree, omdat hulle gevoel het dat die tyd nou aangebreek het dat daar daadwerklik opgetree moet word om nouer kontak met die Naturel in ons land te verkry. Dit help nie om net altyd te praat en niks omtrent die saak te doen nie.

**BANTOE BEHOORT DANKBAAR TE WEES**

Marolen het verklaar dat apartheid deur God self in die skepping gelê is. Ten opsigte van sy eie kultuur het elke aparte volk dan ook 'n eie roeping om sy kultuur te behou en uit te bou. In hierdie land waar die blanke en die Naturel deur God saam op dieselfde bodem geplaas is het die blanke met sy meer ontwikkelde kultuur 'n besondere roeping ten opsigte van die Naturel, naamlik om hom op te voed in die Christelike beskawing sonder om sy eie aard van hom af weg te neem. In sy volle besef van hierdie roeping van hom, het die Afrikaner nie nagelaat om dit ook uit te leef nie. Een uitvloeisel daarvan is die Bantoe-onderwyswet wat 'n doelbewuste poging van die Afrikaner is om aan die Naturel 'n hoër kulturele peil te gee. Die Bantoe sien op na die blanke en veral die Afrikaner as sy vader. Vir alles wat die Afrikaner al aan die Bantoe gedoen het, behoort hy nog meer dankbaar te wees, en dit is sy (Marolen se) doel om 'n groter dankbaarheidsgevoel onder sy mense op te wek.

**Hy het gesê dat 'n vreedsame samelewing in die land tussen blank en nie-blank nie onmoontlik is nie. Die rus word wel verstoor deur die optrede van agitators, maar tog is die naturel onder die indruk van die goeie werk wat deur die Afrikaner gedoen word. Een bewys hiervan is slegs vir Naturelle.**

Ten slotte het hy ook die goeie werk wat deur die A.S.B. gedoen is deur die toekenning van 'n beurs aan 'n naturel om hom aan 'n nie-blanke inrigting te bekwaam, geloof en verklaar dat dit hierdie soort dade is wat die goeie verhouding sal bevorder. Hy het ook 'n beroep op die kongres gedoen om hom te beywer vir die opvoeding van die nie-blanke. „Moedig ons aan om ons verlede lief te hê en ons toekoms daarop te bou. Ons oorleweringe, ons kuns, ons liedere en ander kultuurskatte mag nie verdwyn nie", het hy gesê.

# J. V. KONGRES in Potch.

Gedurende die afgelope Paasnaweek het die Jongeliedeverenigings op Gereformeerde Grondslag in Suid-Afrika in Potchefstroom die kongresse gehou van die Provinsiale en Uniale Bonde. Terselfdertyd het die Bond van Transvaal ook hulle dertigjarige jubileum gevier.

Wat veral baie besprekings op hierdie kongres uitgelok het, was die saak van die „Bondsbode", die amptelike orgaan van die J.V.'s. Hier is besluite geneem wat veral daarop gemik is om die administrasie van die „Bondsbode" op te knap. Ander sake, soos die offisiële bymekaarkomplek van die J.V.'s het ook aandag geniet.

Saterdagaand, 9 April, is daar 'n feesprogram gehou waarby die Bond van Transvaal sy dertigjarige bestaan herdenk het. Die feesredenaar by hierdie geleentheid was regter F. Rumpff wat self vroeër jare voorsitter was van die Transvaalse Bond. Hy het 'n besielende toespraak gerig aan die jongmense om hulle taak as Christene ook in die samelewing uit te lewe.

Sondagmiddag het die begaafde jong orrelis, Arnold Muller voor die kongresgangers opgetree met 'n orreluitvoering en hy is bygestaan deur Magriet Deysel wat 'n paar uitstaande sangnommers gelewer het. Sondagaand is die kongres afgesluit met 'n plateprogram van gewyde musiek in die Studentesaal.

Die nuwe Wis- en Natuurkundelaboratorium sowel as alle ander nuwe geboue sal offisieël in gebruik geneem word gedurende hierdie kwartaal. Die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap is uitgenooi om by die geleentheid teenwoordig te wees, en as tentatiewe datum is gestel 11 Junie 1955. By die geleentheid sal op die gebruiklike wyse lokale in die verskillende geboue aan donateurs opgedra word ter aandenking van hulle steun.

**Bus 206 Tel. 164 & 1167**
H/v. Wolmarans- en
Van Riebeeckstraat
**CENTRAL CASH STORE**
**POTCHEFSTROOM**
**Vir Vars Vrugte,**
**Groente,**
**Kruideniersware,**
**Damesuitrustings**
**Kombuisgereedskap.**
ONS IS DIE BILLIKSTE IN DIE DORP

**DIE BULT SKAATSBAAN**
**„Pukke, ondersteun ons vir aangename ontspanning!"**
**Open van 4 tot 5.30 nm. en vanaf 8 uur in die aand.**

**Phone 369 Foon 369**
**POTCHEFSTROOM**
For/Vir
**"SUNFROZE"**
**Roomys — Ice Cream**

**DIE BULT**
**Algemene Handelaar**
**Von Wiellighstraat 20,**
**VIR ALLE**
**KRUIDENIERSWARE,**
**HARDEWARE,**
**SIGARETTE, ens.**

**J. HEIDEMA**
**Vir**
**FIETSE**
**en**
**MOTORFIETSE**
**J. HEIDEMA**
**Kerkstraat 30,**
**(teenoor Geref. Kerk.)**
**POTCHEFSTROOM.**

**CACHET MODES [Edms.] Bpk.**
Open teen die tweede helfte van April te
**TOMSTRAAT 56A**
(Langsaan Sonskynkafee)
**All benodigdhede vir dames word teen billike pryse aangebied.**

**Schoonhoven Haarkappers**
**„Dames en Here Studente! . . . . "**
Hier is die ardes van u Ned. gedipl. Haarkundige Haarkapper:
**Foon 1486. Eienaar: G. SCHOONHOVEN.**

MALAN MEUBILEERDERS
**S.A.N.L.A.M.-GEBOU, WINKEL NR. 3,**
**POTCHEFSTROOM.**
●
**KOM BESOEK ONS VIR „DIENS"!**

# MANSHOKKIESPANNE VAAR GOED

## 1e Span Verslaan Western Reefs 11-0

Dit wil voorkom asof die Manshokkiespanne vanjaar van plan is om taamlik na aan die bokant van die liga te eindig. As ons in ag neem dat die eerste span verlede jaar maar 'n opdraande pad gehad het teen Western Reefs (die telling was toe 2 doele elk), dan is die oorwinning van 11-0 teen hierdie span vanjaar werklik verblydend. Neem dan ook verder in ag dat ons spelers in hierdie eerste wedstryd nog gladnie eers op dreef was nie.

In die geheel beskou, is daar nog talle afdelings van die spel wat sal moet verbeter en is die stokwerk ook nog hier en daar swak. Die span het egter baie mooi saam gespeel en die kombinasie van die span was as 'n geheel bevredigend.

### UITBLINKERS

**Die uitblinkers in die span was die ou staatmakers, Jack Strydom, Piet van Wyk, Christi Coetzee en Bern Pienaar. Een speler wat sekerlik nog 'n groot toekoms in hier die spel het, is eerstejaar Wiese.**

**Jack het, getrou aan sy tradisie, tien van die elf doele aangeteken en Piet het die ander doel behaal..**

### ANDER SPANNE

Die tweede span het teen die span van Dorp 2—0 voorgeloop toe die wedstryd as gevolg van die reën gestaak moes word, terwyl die derde span met 5 doele teen een die onderspit gedelf het teen die eerste span van Witrand.

# Korfbalspan Klop Klerksdorp

Weer eens het ons kranige eerste Korfbalspan getoon waartoe hulle in staat is deur die eerste span van Klerksdorp in 'n vriendskaplike wedstryd op Saterdag 16 Maart met die kous oor die kop en 'n telling van 34-17 huistoe te stuur. Die spel was besonder aanskoulik alhoewel die bane nat en glyerig was.

As uitblinkers verdien **Ansie van der Merwe** as doel en **Sophie Venter** as verdediger beslis hier 'n plekkie. Die span as 'n geheel het mooi saamgespeel en elkeen het haar bes gelewer.

### TWEEDESPAN GELYKOP

Met die tweede span het dit nie heeltemal so goed gegaan nie. Dié wedstryd — ook teen Klerksdorp — het gelykop met 18 punte elk geeindig. Behalwe dat die doele gerus meer aandag aan hulle spesiale deel van die spel kan gee, was die spel origens aanskoulik en kan daar, met hier en daar 'n bietjie meer aandag, nog heelwat bereik word.

## DAMESHOKKIE WEN

Op Saterdag 16 Maart het die P.U. se 2e dames hokkiespan besonder goed vertoon teen die tweede span van Strath-vaal op die Park. Hulle het dan ook, soos verwag kan word, hulle teenstanders met 'n telling van 2—0 van die baan af gestuur. Onder die speelsters het veral uitgeblink die kapteine Lidie Bekker, Ingrid Henkert en Yvonne Higgo. Nie slegs was die spangees onder die speelsters baie goed nie, maar daar was ook heelwat ondersteuning van die kant van die Pukke.

**DIE ARCADIA HAARKAPPERS**
DIE STUDENTEBEDIENERS.
**„Netheid en Kwaliteitswerk" is ons Leuse.**
**Bedieners van Dames sowel as Mans.**

**OOSTHUIZEN Kole-agentskap.**
**Kerkstraat 70 — Telefoon 312**
**POTCHEFSTROOM.**

**EXCELSIOR MEUBELS**
**Kerkstraat 132 — Potchefstroom — Telefoon 743**
„Ons nooi Pukke, Oud-Pukke en Vriende om ons Vertoonlokale te kom besigtig!"
**Ons roem daarop dat ons diens ongeëwenaard is in die meubelbedryf.**
**ONS REëL AFBETALINGS WAT BY NUWE BEGINNERS SE INKOMSTE PAS.**

# Theos Weereens op hulle Stukke

Theos het op Saterdag, 16 April hulle tweede wedstryd van die seisoen gewen toe hulle Klerksdorp die loef afsgesteek het in 'n harde en by tye aanskoulike wedstryd.

Theos het in alle afdelings van die spel die botoon gevoer en hoewel hulle somtyds gesukkel het om die bal skoon van die lynstane weg te kry, het hulle die oorwinning van 22-9 verdien.

As daar voorspelers uitgewys moet word, verg die name van **Nokkels Fourie, Dick Putter** en **Stoney Steenekamp** spesiale vermelding. Veral Nokkels het op flank geskitter en twee pragdrieë aangeteken.

In die agterlyn het veral die senters **Jan de Wet** en **John Warmenhoven** hulle opponente oorskadu. Hierdie twee manne gaan nog menige opponent vanjaar in die lug laat gryp.

Verder het Blom 'n drie gedruk en Oos van der Merwe het met drie strafskoppe geslaag.

### NAVY WEN 8—3

Die Navy het met 8—3 teen Klerksdorp gewen hoewel sewe maklike strafskoppe verbrou is. Jan Erasmus het 'n drie behaal en Harrington 'n strafskop.

# SPORTPRAATJIE

Het u geweet dat slegs omtrent helfte van die voltydsingeskrewe Pukke aan sport deelneem? As ek dit sê dan bedoel ek dat die ander helfte nooit hulle verskyning op 'n sportveld maak nie — nie eers so nou en dan 'n potjie teenis speel of 'n bietjie gaan swem nie.

Wat doen hierdie mense? Swôt hulle hulle dood of neem hulle almal aan die na-uurse sportsoort, „spyker," deel?

Nou onlangs was daar weer in een van die Engelse dagblaaie 'n lang artikel oor die voordele, beide liggaamlik en geestelik, verbonde aan liggaamlike opvoeding. Besef ons massa non-aktiwiste dan nie dat 'n volk se toekoms ook van liggaamlike welsyn afhang nie?

### PROEFWEDSTRYDE

Een ou seksie sportmanne op die Puk se onder-19's het hulle in die voetbalspelers. Die rede is nie net dat hulle mooi voetbal speel nie, maar ook omdat hulle die Theoil ete van die toekoms is.

Puk wat altyd aandag trek is die O-19 verlede nog altyd goed gedra tydens proefwedstryde en dit was weer eens die geval met die Wes-Transvaal proefwedstryde wat verlede Maandag op die Puk-veld gehou is. Hoeveel van die jongelinge in die span plek gekry het weet ons nog nie maar dit lyk of hulle nie min gaan wees nie.

Dan is daar nog natuurlik die Britse toerspan wat eersdaags hier gaan aanland en teen wie die Noordelike Universiteite op Ellispark sal opdraf.

Pukke wat reeds vir Noordelike Universiteite gespeel het en wat nog beskikbaar is, is die volgende: Erasmus, Blou, twee Steenkamps, De Wet, twee Putters, Duvenhage en Strydom.

Proefwedstryde vir hierdie span sal met verloop van tyd gespeel word. Puk speel op 7 Mei teen Tukkies in Pretoria en op 8 Junie teen Wits in Johannesburg.

### DALRYMPLE

Die Dalrymple vind op 6 en 7 Mei in Pretoria plaas. Die Atletiekklub wil nog niks sê oor ons span nie maar aangesien die Dalrymple vanjaar in Pretoria gaan plaasvind sal die Puk se span seker nie te klein wees nie.

G. N. v.d. BERGH.

## SPORTUITSLAE VAN DIE NAWEEK

**VOETBAL:**

Theos klop W.R. I 21—0; Navy klop W.R. II 17—5; Fires klop Witrand 6—0; Tekkies verloor teen Dominion Reefs 6—0; O/19B klop Ellaton 20—3.

**MANSHOKKIE:**

Eerstespan klop Babrosco 9—1; Tweedespan verloor teen Lichtenburg 6—1; Derdespan verloor teen Strathvaal 3—0.

**DAMESHOKKIE:**

Eerstespan verloor teen Klerksdorp 4—3; Tweedespan verloor teen Goldfields-West 5—0; Derdespan verloor teen Lichtenburg 6—0.

Die volgende Pukke is gekies om in die Wes-Transvaalse spanne diens te doen;

**A-SPAN:** J. de Wet, J. Steenkamp, D. Putter;

**B-SPAN:** N. Fourie, D. de Wet.

### VERDERE UITSLAE

Onder-19A wen Klerksdorp III, 40—6.

Onder-19B wen Proefplaas II 17-6.

Tekkies wen Proefplaas III 45-0.